finchoice
for when you need it

Kredietbepalings en-voorwaardes

(INGEVOLGE ARTIKEL 93(2) VAN DIE NASIONALE KREDIETWET, No. 34 VAN 2005 ("DIE WET"))

February 2020

FinChoice Africa Ltd ("FinChoice") is an authorised financial services provider (FSP no. 46962). FinChoice is a registered credit provider (NCRCP 8162). FinChoice advocates responsible lending, therefore the granting of loans is at the sole discretion of FinChoice and the amount you qualify for depends on your individual circumstances. Guardrisk Life Limited is a licensed life insurer in terms of the Insurance Act 18 of 2017 and an authorised financial services provider (Registration Number 1999/013922/06 and FSP No 76).

FinChoice, 'n afdeling van HomeChoice (Edms.) Bpk., is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer (FSP no. 48448). Guardrisk Life is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer. FinChoice is 'n afdeling van HomeChoice en is 'n geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP 454). FinChoice is 'n voorstander van verantwoordelike lenings, dus word lenings na die absolute goeddunke van FinChoice toegestaan en die bedrag waarvoor u kwalifiseer, hang van u individuele omstandighede af.

Dít is die kredietbepalings en -voorwaardes van FinChoice. Die stem- of elektroniese weergawe van die voorooreenkomsverklaring en kwotasie, waarvan u ook 'n skriftelike afskrif ontvang, die debietordermandaat, die leningskontrak (indien van toepassing) sowel as hierdie bepalings en -voorwaardes maak die kredietooreenkoms (hierna "die kredietooreenkoms") tussen ons uit. Let daarop dat ons verskillende tipes krediet aanbied, insluitend korttermyn- en ongesekureerde termynlenings ("lenings"), en ook 'n geriefproduk genaamd "MobiMoney". Alle FinChoice-kredietprodukte word deur hierdie bepalings en -voorwaardes gereguleer in soverre dit op die bepaalde soort krediet betrekking het. "U" beteken die persoon wat 'n kredietooreenkoms met ons aangaan, en "ons" beteken FinChoice. As ons na die "HomeChoice-groep" verwys, beteken dit enige maatskappy wat in die geheel of gedeeltelik deur die HomeChoice International PLC (HIL) of enige van sy filiale besit word."VOV" beteken die voorooreenkomsverklaring en kwotasie wat al die koste verduidelik wat op die kredietooreenkoms van toepassing is, soos ingevolge wetgewing vereis word.

Ons bepalings en voorwaardes is ingevolge ons taalbeleid in 'n paar verskillende tale te kry. Ingeval enige bepaling in die Engelse weergawe van dié in enige ander taal verskil, geld die Engelse bepaling as die korrekte weergawe.

1. Algemeen

1.1. FinChoice is 'n geregistreerde kredietverskaffer ingevolge die Nasionale Kredietwet (wat ons hierna "die Wet" of "die Kredietwet" sal noem).

1.2. Indien u 'n klag teen ons wil indien, kan u die Nasionale Kredietreguleerder by 0860 627 627 of FinChoice self by 0861 346 246 bel.

1.3. Ons deel inligting oor u aansoek, kredietooreenkoms, enige nienakoming van die kredietooreenkoms en die beëindiging van die kredietooreenkoms met kredietburo's, soos deur die Kredietwet vereis word. Dit sluit in, maar word nie beperk nie tot:

1.3.1. TransUnion Credit Bureau (Edms.) Bpk.
Tel.: 0861 482 482
E-posadres:
contactcentreadmin@transunion.co.za

1.3.2. Compuscan Information Technologies (Edms.) Bpk. Tel.: 021 888 6000
E-posadres: info@compuscan.co.za

1.3.3. Experian South Africa (Edms.) Bpk.
Tel.: 011 799 3400
E-posadres: consumer@experian.co.za

1.3.4. 011 645 9100 E-posadres: info@xds.co.za

1.4. Let daarop dat die kredietburo's 'n kredietprofiel en potensieel ook 'n krediettelling ten opsigte van u kredietwaardigheid verskaf wat gegrond word op die inligting wat ons met hulle deel.

1.5. Ons sluit kredietooreenkomste telefonies of deur middel van elektroniese kanale.

1.6. Onderworpe aan die vereistes van die Kredietwet en ons interne kredietbeleide kan ons na eie goeddunke besluit om krediet aan u toe te staan of nie.

1.7. As deel van die aansoekproses kan FinChoice:

1.7.1. enigeen kontak om na te gaan of die inligting wat u verstrek het, korrek is, en om inligting oor u finansiële status en bankbesonderhede te verkry, waaronder 'n kredietrekord en betaalgeskiedenis;

1.7.2. aan enige tersaaklike party soos 'n kredietburo of die Nasionale Leningsregister van inligting oor die aansoek, kredietooreenkoms en kredietrekord of betaalgeskiedenis voorsien;

1.7.3. u persoonlike inligting verwerk of bekend maak ooreenkomstig ons privaatheidsbeleid, wat beskikbaar is by https://www.finchoice.mobi/Home/PrivacyPolicy, en wat onder meer insluit dat ons inligting kan bekend maak indien:

1.7.3.1. die wet dit van ons vereis;

1.7.3.2. dit in die openbare belang is om dit bekend te maak;

1.7.3.3. u ons toestemming gee of versoek om dit bekend te maak; of

1.7.3.4. dit in onderskeidelik FinChoice of 'n derdeparty-ontvanger van die inligting se regmatige belang is om die inligting bekend te maak of te ontvang.

1.8. FinChoice kan ook u persoonlike en kredietinligting vir sakedoeleindes aan die HomeChoice-groep bekend maak, en u gee hiermee uitdruklik toestemming dat dit direkte bemarking oor die telefoon en deur elektroniese kanale kan insluit.

1.9. Indien u in gemeenskap van goed of ingevolge die gemene- of gewoontereg getroud is, bevestig u hiermee dat u gade skriftelik toestemming verleen het dat u die kredietooreenkoms aangaan.

1.10. Ons standaardbepalings en -voorwaardes kan van tyd tot tyd verander. Die jongste weergawe sal by www.finchoice.mobi beskikbaar wees, of u kan 'n afskrif aanvra deur 0861 346 246 te bel. Indien u 'n bestaande of vorige kliënt is wat 'n nuwe kredietooreenkoms aangaan, sal u nuwe ooreenkoms gereguleer word deur die bepalings en voorwaardes wat geld wanneer die nuwe kredietooreenkoms gesluit word. Enige verandering aan die kredietooreenkoms sal slegs bindend wees nadat ons u ingevolge die Kredietwet van die verandering in kennis gestel het.

2. VOV (Voorooreenkomsverklaring en kwotasie)

2.1. Vir alle kredietooreenkomste sal ons u onder andere die volgende inligting in die VOV en kwotasie gee:

2.1.1. Leningsbedrag/kredietperk: Vir lenings is dit die bedrag aan krediet wat ons ingevolge die lening aan u toestaan. Vir MobiMoney is dit u kredietperk ingevolge die gerief en die bedrag van die ooreenkoms.

2.1.2. Aanvangsgeld: Dit is gelde wat ons ingevolge die Wet kan hef om die kredietooreenkoms in te stel. Vir lenings kan u hierdie geld vooraf betaal. So nie, sal ons dit by die aanvang van die kredietooreenkoms hef en dit by die uitstaande saldo inreken sodat u dit as deel van u maandelikse paaiemente betaal. Vir MobiMoney betaal u die aanvangsgeld in gedeeltes, en ons hef 'n gedeelte elke keer as u MobiMoney gebruik. Dit word gegrond op die bedrag wat u onttrek, en word betaal totdat die aanvangsgeld gedek is;

2.1.3. Diensgeld: Dit is geld wat ons ingevolge die Wet hef om ons bedryfskoste vir die administrasie van die kredietooreenkoms te dek. Ons maak die diensgeld wat op u kredietooreenkoms van toepassing is in die VOV bekend;

2.1.4. Rentekoers: Ons dui die rentekoers wat op u kredietooreenkoms van toepassing is in die VOV aan. Ons bereken rente op die daaglikse uitstaande saldo, en kapitaliseer dit elke maand (dit wil sê ons reken dit maandeliks by die uitstaande saldo in). Indien u agterstallig is, kan ons rente op die agterstallige bedrag teen die maksimum koers ingevolge die Wet

2.2. Let daarop dat u kwotasie in die VOV vir MobiMoney die gelde aandui wat op die gebruik van die kredietperk van toepassing is, wat beteken dat die maandelikse paaiement nooit meer as die gekwoteerde paaiement sal wees nie, maar dit kan minder wees, afhangend van hoe u MobiMoney gebruik.

3. Kredietooreenkomste – Algemene bepalings en bepalings wat op lenings van toepassing is

3.1. Wanneer u om krediet aansoek doen, onderneem ons 'n kredietrisiko- en 'n bekostigbaarheidsbeoordeling ingevolge die Wet.

3.2. Vir lenings bepaal hierdie beoordeling die maksimum leningsbedrag waarvoor u na ons mening kwalifiseer ("die maksimum leningsbedrag"), gegrond op ons kredietbeleide en die vereistes van die Kredietwet.

3.3. U maksimum leningsbedrag kan verander indien u finansiële omstandighede verander.

3.4. Nadat u 'n kredietooreenkoms met ons aangegaan het, kan u dalk vir 'n ander lening in aanmerking kom met 'n totale blootstelling van tot en met die maksimum leningsbedrag. Volgens ons kredietbeleide mag u in enige bepaalde stadium slegs een lening en/of MobiMoney-gerief hê (buiten sekere produkte soos FoneChoice-ooreenkomste of "KwikAdvance", waarna paragraaf 6 verwys). As u steeds 'n bestaande uitstaande saldo het wanneer u om 'n nuwe lening aansoek doen, moet u eers die uitstaande saldo van die bestaande lening vereffen voordat u 'n kredietooreenkoms vir 'n nuwe lening kan aangaan. U kan vra dat ons die opbrengs op die nuwe lening vir dié doel gebruik, of u kan ander reëlings tref om u bestaande lening af te los.

3.5. Indien u ons vra om die opbrengs van die nuwe lening te gebruik om 'n bestaande lening af te los, sal die verskil in u bankrekening inbetaal word. Ons noem hierdie bedrag die "KwikDraw"-bedrag. Hoewel dít 'n nuwe lening sal wees, kom ons bestaande kliënte tegemoet deur die aanvangsgeld vir die nuwe lening slegs op die KwikDraw-bedrag te hef in plaas van op die totale bedrag van die nuwe lening.

3.6. Ons kan u van tyd tot tyd laat weet dat u 'n KwikDraw-bedrag beskikbaar het. Ons sal 'n bekostigbaarheidsbeoordeling doen elke keer as u om 'n nuwe kredietooreenkoms aansoek doen. Enige KwikDraw-bedrag sal slegs beskikbaar wees indien u bekostigbaarheidsbeoordeling aandui dat u die nuwe lening kan bekostig. Ons waarborg nooit dat u vir enige bedrag in aanmerking sal kom nie – alles hang van die bekostigbaarheidskontroles en ons interne kredietbeleide af.

3.7. Voordat u 'n nuwe kredietooreenkoms met FinChoice aangaan, moet u seker maak dat u die koste en risiko's verbonde aan die sluiting van 'n ander kredietooreenkoms, sowel as u regte en verpligtinge ingevolge die nuwe kredietooreenkoms, ten volle verstaan en besef.

3.8. Indien u enigsins twyfel oor of u finansiële omstandighede verander het, of indien u nie die risiko's en koste van 'n kredietooreenkoms of u regte en verpligtinge ingevolge die kredietooreenkoms ten volle verstaan nie, bel FinChoice eers by 0861 346 246 om seker te maak dat u alle regte en verpligtinge verstaan voordat u die kredietooreenkoms aangaan.

3.9. Ons kan 'n afkoeltydperk toestaan wanneer u die eerste keer 'n kredietooreenkoms met ons aangaan.

4. Kredietooreenkomste – bepalings op MobiMoney van toepassing

Die volgende bepalings is spesifiek op MobiMoney van toepassing:

4.1. Indien u aansoek slaag, sal ons 'n kredietperk aan u toewys waartoe u enige tyd toegang kan kry op die grondslag dat u nooit meer as u kredietperk kan onttrek nie. U kan kies om elke onttrekking oor 1, 2 of 3 maande terug te betaal.

4.2. Ons kan enige tyd vanaf vier maande ná u eerste onttrekking u MobiMoney-gerief met een onttrekking se kennisgewing laat verstryk. Geen verdere onttrekkings sal na verstryking van die MobiMoney-gerief toegelaat word nie.

4.3. Wanneer u kennis van verstryking ontvang het, kan u om 'n nuwe MobiMoney-gerief aansoek doen, en ons kan 'n nuwe bekostigbaarheidsbeoordeling doen. Indien u vir 'n nuwe MobiMoney-gerief kwalifiseer, maar steeds 'n uitstaande saldo op die bestaande MobiMoney-gerief het, moet u eers die uitstaande saldo van die bestaande gerief vereffen. U kan vra dat ons die beskikbare krediet op die nuwe MobiMoney-fasiliteit vir dié doel gebruik, of u kan ander reëlings tref om u bestaande MobiMoney-fasiliteit af te los.

4.4. Indien u die beskikbare krediet van die nuwe MobiMoney-gerief gebruik om die bestaande saldo te vereffen, sal u nie enige aanvangsgeld betaal op die bedrag wat gebruik word om die bestaande MobiMoney-gerief te vereffen nie.

4.5. FinChoice kan u toegang tot u MobiMoney-gerief in enige stadium opskort indien u wanbetaal, of kan die gerief sluit nadat u kennisgewing van tien sakedae ontvang het, in welke geval die kredietooreenkoms van krag sal bly in soverre dit nodig is totdat u alle verskuldigde bedrae aan ons betaal het.

Ons kan ook u toegang tot u MobiMoney-gerief opskort indien u kredietbeleide bepaal dat u die gevaar loop om oorverskuldig te raak indien ons verdere onttrekkings toelaat.

4.6. U kan ons skriftelik versoek om die kredietperk te verlaag en u vereiste nuwe kredietperk aandui.

5. Aansoeke deur elektroniese kanale

5.1. Ons kan toelaat dat u met behulp van u selfoon, die internet of ander elektroniese kanale (hierna "elektroniese kanale" genoem) om 'n lening of MobiMoney-gerief aansoek doen. Indien u deur 'n elektroniese kanaal aansoek doen, skep, stuur, ontvang en bewaar ons inligting elektronies.

5.2. Vir elektroniese aansoeke moet u self u persoonlike geheime toegangsbesonderhede, soos 'n PIN of wagwoord, kies. U moet hierdie besonderhede veilig en vertroulik hou. Indien ons dit beskikbaar stel, kan u ook biometriese stawing soos stem- en gesigsherkenning, vingerafdrukke of die biometriese stawing van u toestel gebruik. FinChoice kan aanneem dat enige kredietooreenkomste wat met u geheime toegangs- of biometriese besonderhede deur elektroniese kanale aangegaan word, deur u self gemagtig en aangegaan word. U moet ons onmiddellik in kennis stel indien u daarvan bewus word dat u geheime toegangsbesonderhede wegraak of dat enige ongemagtigde persoon dalk daartoe toegang het.

Ons sal nie verantwoordelik wees vir enige ongemagtigde gebruik van u geheime toegangs- of biometriese besonderhede voordat u ons in kennis stel nie.

5.3. FinChoice kan enige stawingsprosedure in werking stel wat volgens hom nodig is vir kliëntestawing elke keer as 'n kliënt deur elektroniese kanale om 'n kredietooreenkoms aansoek doen.

6. Terugbetaling

6.1. U moet die totale verskuldigde bedrag ingevolge die kredietooreenkoms terugbetaal, wat die hoofskuld, alle koste en rente ingevolge die Kredietwet insluit.

6.2. Toe u aansoek gedoen het, het u ingestem om u maandelikse paaiemente en enige ander moontlike verskuldigde bedrae per debietorder aan ons te betaal. FinChoice kan die NAEDO-stelsel ("non-authenticated early debit order"-stelsel) of DebiCheck gebruik en kan tred hou met u bankrekening om te bepaal of en wanneer daar genoeg geld beskikbaar is. Die volgende bepalings is van toepassing:

6.2.1. Vir ons maand lange korttermynlenings ("KwikAdvance") is u paaiement verskuldig volgens ons ooreenkoms toe u aansoek gedoen het, en sal ons die debietorder aanbied op die datum waaroor ons ooreengekom het.

6.2.2. Wat alle ander betalings betref:

6.2.2.1. indien u oor 'n naweek of op 'n Maandag betaal word, sal ons die debietorder die vorige Vrydag aanbied. Dieselfde sal geld vir enige betaling ingevolge paragraaf 6.2.2.2–6.2.2.4 indien die dag waarop ons gewoonlik die debietorder aanbied op 'n Maandag of oor 'n naweek val;

6.2.2.2. indien u op 'n openbare vakansiedag betaal word, sal ons die debietorder die vorige besigheidsdag aanbied;

6.2.2.3. indien u op die 1ste van die maand betaal word, sal ons die debietorder op die 30ste van die vorige maand aanbied;

6.2.2.4. indien u op die 31ste van die maand betaal word, sal ons die debietorder op die 30ste van dieselfde maand aanbied;

6.2.3. U kan dalk in Desember vroeër as gewoonlik betaal word. In so 'n geval stem u in dat ons kan tred hou met wanneer u betaal word en die debietorder in enige stadium vanaf 10 Desember kan aanbied, tensy u ons van u presiese Desember-betaaldatum in kennis stel;

6.2.4. Indien u kredietooreenkoms agterstallig is, behou FinChoice hom die reg voor om die debietorder op enige dag aan te bied om die agterstallige bedrag van enige beskikbare saldo in u bankrekening te verhaal.

6.3. U moet ons onmiddellik in kennis stel indien u bankbesonderhede of u betaaldatum verander, en ons kan u debietorderbesonderhede dan dienooreenkomstig aanpas.

6.4. U mag nie die bankrekening sluit nie, tensy u ons die besonderhede van 'n ander bankrekening gee waar ons die debietorder kan aanbied.

6.5. U mag nie die debietorder kanselleer voordat u alle verskuldigde bedrae ingevolge die kredietooreenkoms ten volle aan FinChoice terugbetaal het nie.

6.6. Indien u meer as een kredietooreenkoms met FinChoice het:

6.6.1. en een van die kredietooreenkomste is agterstallig, kan ons enige kredietwaarde van een leningsooreenkoms oorplaas na 'n leningsooreenkoms wat óf agterstallig is, óf 'n uitstaande saldobedrag het;

6.6.2. kan ons 'n enkele aftrekking van u bankrekening maak vir die bedrag wat u ingevolge ál die kredietooreenkomste skuld, en die aftrekking dan toewys om te sorg dat alle ooreenkomste nie agterstallig is nie, waar dit ook al moontlik is;

6.6.3. kan ons besluit hoe om die betaling toe te wys indien u nie aandui watter kredietooreenkoms u afbetaal nie.

6.7. U moet die volle verskuldigde bedrag binne die aangeduide tydperk met behulp van 'n maandelikse debietorder aan ons betaal. Indien u 'n probleem met u bankrekening of 'n betaling ondervind, moet u ons ten minste drie werksdae voor die betaaldatum van die paaiement kontak en 'n ander betaalreëling tref om bykomende rente of regskoste te voorkom.

6.8. Indien u ons versoek om u terugbetalingsrooster te wysig, en ons stem in, sal die kredietooreenkoms met die gewysigde terugbetalingsrooster steeds onderworpe wees aan die huidige bepalings waaroor ons ooreengekom het.

Die besluit om die terugbetalingsrooster te wysig, geskied geheel en al na ons goeddunke.

6.9. Onderworpe aan paragraaf 6.6 sal enige betalings wat van u ontvang word in die volgende orde toegewys word: die betaling van:

6.9.1. waardetoegevoegde dienste;

6.9.2. rente;

6.9.3. ander gelde en koste;

6.9.5. hoofskuld.

7. FinChoice se reg om die ooreenkoms te beëindig

7.1. Indien u nie die volle uitstaande verskuldigde bedrag ingevolge die kredietooreenkoms betyds betaal nie, sal FinChoice of sy verteenwoordigers u skriftelik van u wanbetaling in kennis stel, en voorstel dat u die kredietooreenkoms na 'n skuldberader, alternatiewe geskilbeslegtingsagent, verbruikershof of ombud met regsbevoegdheid verwys om enige geskil ingevolge die leningsooreenkoms op te los of op 'n plan ooreen te kom om agterstallige skuld in te haal.

7.2. Indien u vir ten minste 20 sakedae in gebreke bly om te betaal, en ten minste 10 sakedae het verloop sedert FinChoice die kennisgewing in paragraaf 7.1 aan u gestuur het en u reageer nié op die kennisgewing nie óf reageer deur FinChoice se voorstelle te verwerp, kan FinChoice die kredietooreenkoms kanselleer of 'n hof nader vir 'n bevel om die kredietooreenkoms af te dwing.

7.3. U kan in enige stadium nadat die kennisgewing in paragraaf 7.1 by u afgelewer is, maar voordat FinChoice die kredietooreenkoms ingevolge paragraaf 7.2 kanselleer, en te alle tye onderworpe aan die bepalings van die Wet, die leningsooreenkoms herinstel deur alle verskuldigde bedrae aan FinChoice te betaal, tesame met wanbetalingsheffings en -koste wat die Wet of enige ander wet toelaat, wat onder meer kan insluit wanbetalingsadministrasie- en invorderingskoste om die kredietooreenkoms af te dwing totdat u al u agterstallige skuld ingehaal het.

8. State

Die partye kom daaroor ooreen dat u 'n kwartaallikse rekeningstaat deur elektroniese kanale sal ontvang, tensy dit slegs moontlik is om dit met gewone pos te stuur. Indien u dit versoek, sal FinChoice u van 'n staat voorsien met 'n uiteensetting van alle koste wat gehef is, alle betalings wat gemaak is, sowel as die uitstaande saldo.

9. Vroeë aflossing

9.1. U kan die kredietooreenkoms in enige stadium beëindig deur die volle uitstaande saldo ingevolge die kredietooreenkoms tot en met die aflossingsdatum te betaal, met of sonder kennisgewing aan ons.

9.2. Indien u die kredietooreenkoms wil aflos, kan u ons persoonlik kontak om die aflossingsbedrag te kry. Ons sal nie sonder u skriftelike instruksies die inligting verstrek aan 'n derde party wat namens u optree nie.

10. Jurisdiksie

Ingevolge artikel 45 van die Wet op Landdroshowe, No. 32 van 1944 stem u in dat ons enige regsverrigtinge met betrekking tot die kredietooreenkoms in die landdroshof kan instel.

11. Wanbetalingsadministrasie- en invorderingskoste

11.1. Indien u agterstallig is met u maandelikse paaiemente, en FinChoice doen stappe om verskuldigde betalings ingevolge die kredietooreenkoms in te vorder, sal u aanspreeklik wees vir alle wanbetalingsadministrasie- en invorderingskoste wat FinChoice aangaan, waaronder opsporingsfooie, invorderingskommissie op betalings nadat u 'n betaling oorgeslaan het en ons stappe moes doen om u van u wanbetaling in kennis te stel, en die koste van 'n prokureur of skuldinvorderaar, wat onder meer die koste van telefoonoproepe, stempos en elektroniese kommunikasie insluit.

11.2. FinChoice kan die maksimum wanbetalingsadministrasie- en invorderingskoste hef soos deur die Kredietwet bepaal word, gelees saam met die Wet op Landdroshowe, No. 32 van 1944, die Wet op die Hooggeregshof, No. 59 van 1959, of die Wet op Skuldinvorderaars, No. 144 van 1998, wat ook al van toepassing is.

11.3. Indien FinChoice 'n prokureur aanstel om 'n geding teen u aanhangig te maak en/of enige verskuldigde bedrae in te vorder, stem u in dat u vir koste op 'n prokureur-en-eie-kliënt-skaal aanspreeklik sal wees.

12. Adresse

12.1. U kies die adres wat in die kredietooreenkoms bepaal word as die adres waar regsdokumente en kennisgewings, waaronder enige kennisgewing ingevolge artikel 129, aan u bestel kan word.

12.2. Indien u adres verander, moet u FinChoice onmiddellik skriftelik of telefonies van die nuwe adres in kennis stel.

12.3. Die adres waar regsdokumente en kennisgewings aan ons bestel kan word, is FinChoice, Hoofweg 78, Wynberg, Kaapstad 7800, vir die aandag van "FinChoice-regsdienste".

13. Elektroniese kommunikasie

13.1. Tensy ons anders ooreenkom, sal ons alle kredietooreenkomste, state of ander korrespondensie deur 'n elektroniese kanaal stuur met behulp van die kontakbesonderhede wat u aan ons gegee het ("opgetekende adres").

13.2. Ons sal aanneem dat u alle korrespondensie wat na die opgetekende adres gestuur word, wat onder meer die kredietooreenkoms insluit, ontvang het binne 36 uur nadat ons loglêers aandui dat dit versend is.

13.3. Indien u besonderhede in die loop van die kredietooreenkoms verander, of u kies om nie korrespondensie via elektroniese kanale te ontvang nie, moet u ons van die nuwe besonderhede in kennis stel.

14. Sertifikaat

'n Sertifikaat wat onderteken is deur enigeen van die bestuurders van FinChoice (welke bestuurder nie sy of haar aanstelling hoef te bewys nie) sal as prima facie- (oënskynlik voldoende) bewys van die uitstaande saldo dien.

15. Sessie en toekenning

U stem in dat FinChoice enige van of ál sy regte en verpligtinge ingevolge die kredietooreenkoms in enige stadium en sonder kennisgewing aan 'n derde party kan sedeer en toewys.

16. Hele ooreenkoms

Die kredietooreenkoms maak die hele ooreenkoms tussen u en FinChoice uit, en daar is geen bykomende versweë of geïmpliseerde bepalings en voorwaardes nie, tensy ons die kredietooreenkoms wysig soos wat die wet toelaat, in welke geval die gewysigde bepalings sal geld.

17. Bemarkingskeuses

17.1. Wanneer u die kredietooreenkoms met FinChoice aangaan, kan u vra dat u van enige van of ál die volgende uitgesluit word:

17.1.1. Telebemarkingsveldtogte deur of namens FinChoice;

17.1.2. Bemarkings- of kliëntelyste wat deur FinChoice verkoop of versprei word, buiten wat die Wet vereis;

17.1.3. Enige massaverspreiding van e-pos of SMS'e.

17.2. U sal versoek word om hierdie reg gedurende die aansoekproses uit te oefen. Die drie keuses wat u maak, sal op die leningskontrak verskyn wat by die kredietooreenkoms aangeheg word. U kan FinChoice in enige stadium kontak en versoek dat u keuses gewysig word.

18. Ander verbruikersregte

18.1. U het die reg om met die kredietinligtingsburo's te skakel, toegang tot u kredietrekord te bekom, en enige onjuiste inligting te laat regstel.

18.2. U kan enige klagte oplos deur (i) alternatiewe geskilbeslegting, (ii) 'n klag by die Nasionale Kredietreguleerder in te dien, of (iii) 'n versoek aan die Nasionale Verbruikerstribunaal te rig.

19. Belastingverklaring:

Ons is in Mauritius geïnkorporeer. Ingevolge die Suid-Afrikaanse belastingwette het u, as kredietopnemer, sekere terughoubelastingverpligtinge op die rente wat u ons as 'n buitelandse kredietverskaffer betaal. U hoef u egter nie hieroor te bekommer nie omdat ons hierdie belasting namens u betaal en enige vereiste opgawes betyds sal indien. Om ons plig in hierdie verband na te kom, moet ons u van die inligting hieronder in kennis stel en bevestig dat dit korrek is op die datum van hierdie kredietooreenkoms. Dit is slegs administratiewe belastingvereistes, maar u kan ons steeds kontak indien u enige verdere verduideliking of besonderhede vereis.

- FinChoice verklaar dat ons aan alle tersaaklike vereistes van artikel 11 van die Ooreenkoms vir die Vermyding van Dubbele Belasting en die Voorkoming van Fiskale Ontduiking tussen Suid-Afrika en Mauritius voldoen.
- Die betaalbare rente aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens is dus onderworpe aan 'n verlaagde koers van 10%.
- Ons sal u van enige verandering in omstandighede in kennis stel.